BEELD NAWEEK
Saturday, 26 June 2010, p. 2

Nog polisiesukses: 3 vas ná huisrooftog

André Damons

Nadat die polisie eergister drie rowers aan die Rand doodgeskiet en twee gewond het, is nog twee roofverdagtes gister deur polisielede gewond.

In die jongste voorval het die vermeende rowers met die polisie in Vosloorus, aan die Oos-Rand, slaags geraak kort nadat hulle 'n huis in Dawnpark beroof het.

Die rowers het net voor 10:00 op die huis toegeslaan en drie mense in die huis vasgebind en beroof.

Volgens konst. Rufus Tema, polisiewoordvoerder, het 'n vrou die twee rowers buite haar kamer aangetref en hulle het aan haar gesê om stil te bly of te sterf.

"Een van die rowers het 'n skroewedraaier gehad en die ander iets wat lyk soos 'n pistool.

"Hulle het die vrou saam met nog twee mense in die huis vasgebind en haar motorsleutels geëis," het Tema gesê. Die rowers het met 'n groot TV, DVD-speler, selfoon en R3 000 in die vrou se rooi VW Golf gevlug.

Een van die slagoffers kon daarin slaag om hulle los te maak en het die noodknoppie gedruk.

Die vrou het kort daarna 'n oproep gemaak en die Matrix-opsporingsmaatskappy van die voorval ingelig. Volgens me. Tessa Marsh van Findley Public Relations, wat Matrix se skakelwerk behartig, is die gesteelde motor 25 minute later in 'n plakkerskamp naby Vosloorus opgespoor. "Die reaksiebeamptes het die sein in Vosloorus opgetel en daarheen gegaan. Hulle het die polisie op pad daarheen reeds gekontak," het sy gesê.

Beamptes van die Ekurhuleni-metropolisie en die polisie het onmiddellik gereageer en 'n polisiehelikopter is ook ontplooi.

Hoofsupt. Wilfred Kgasago, woordvoerder van die Ekurhuleni-metropolisie, het gesê die rowers het uit die motor gespring en in verskillende rigtings gehardloop toe hulle agterkom die polisie is op hul spoor.

" 'n Skietery het uitgebreek en albei die mans is gewond en aangekeer. Hulle het die polisie na 'n huis in die plakkerskamp gelei waar 'n TV en DVD-speler, wat vroeër by die huis geroof is, gevind is," het Kgasago gesê.

Nie een van die polisiebeamptes of lede van die metropolisie is tydens die skietery beseer nie.

Die twee mans, onderskeidelik 20 en 25 jaar oud, is in hul bene geskiet.

'n Derde man is gearresteer toe die polisie die TV en DVD-speler in sy besit gevind het.

Die twee gewonde verdagtes word onder polisiebewaking in 'n hospitaal behandel en sal ná hul hospitaalontslag op 'n klag van huisroof in die hof verskyn.

Die ander man sal in die hof verskyn op 'n aanklag van die besit van gesteelde goedere, het Kgasago gesê.